karoo kombuis

KINDER FUNKSIE TERME EN VOORWAARDES

Baie dankie dat jy besluit het om Knus Karoo Kombuis deel te maak van jou funksie!

Knus Karoo Kombuis het vaste funksie tye vir kinderpartytjies:
Deur die week: 14:00 – 16:00 / Saterdae: 13:00 – 15:00

Die aantal gaste wat ons kan akkommodeer is kinders en ouers saam.
Deur die week is dit 22 gaste en op 'n Saterdagmiddag is dit 16.

Indien die funksie op 'n Saterdag plaasvind en dit beloop na 15:00, is daar 'n R800 per uur verhuringsfooi betaalbaar, andersins vra Knus nie 'n verhuringsfooi nie en betaal kliënte slegs die spyseniering, drankies en diensfooi.

Drankies kan by die kelner bestel word op die dag. Ons kan ook sap aanbied teen R100 'n beker.
Nadat die spyskaart opsies gestuur is, word 'n datum tentatief geboek vir 'n kliënt vir 7 dae.
Daar word 'n 50% deposito vereis om enige funksie te bevestig. Die deposito is dadelik betaalbaar.
Indien die deposito nie betaal word nie, staan dit Knus vry om die datum aan te bied vir enige ander potensiële kliënt.

Vir enige groepe van 10 gaste of meer, word daar 'n 10% diensfooi gehef.
Die diensfooi is betaalbaar op die dag saam met die finale rekening.

Finale spyseniering asook getal gaste moet 'n week voor die tyd bevestig word. Die spyskaart opsies moet vooraf gekies word en is dieselfde vir al die kinders. Ouers is welkom om hul eie leë partytjie sakkies vooraf na Knus te bring en dan sal ons dit reg kry met die partytjie pakkie lekkergoed soos vooraf gekies. Indien u nie partytjiesakkies het nie, kan ons dit op hout bordjies bedien. Sien die opsies onderaan die spyskaart opsies. "Platters", funksiebordjies of 'n vaste spyskaart kan vooraf vir die volwassenes gekies word.

Ons bak 'n verskeidenheid van koeke en kliënte is welkom om 'n bestelling 4 dae vooraf te plaas.
Indien u sou verkies, kan 'n spesiale koek ingebring word teen R150 per gesnyde koek.

Kliënte is welkom om dekor in te bring om op die tafels te plaas. Knus verskaf net vetplantjies vir die tafels asook die eetgerei en breekware. Kliënte kan enige tyd dekor in bring en vir die bestuurder gee om die tafels mooi te maak vir die dag van die funksie of dit self kom doen op die dag van die funksie. Indien u dit self doen, kan die funksie area 30 minute voor die tyd opgemaak word. Geen dekor word toegelaat om in die bome of teen die mure gehang te word nie. Geen drukspykers of spykers sal toegelaat word nie. Geen kinders word toegelaat om in die bome te klim of in die tuine en dammetjies in die parkeerarea te speel nie. Daar is 'n lieflike speelarea vir die kinders, wat op eie risiko gebruik word.
Geen kerse word toegelaat nie, aangesien die skade op die hout tafels blywend is.

Ons sien uit daarna om deel te wees van julle dag.

Hiermee bevestig ek,	
dat ek die bogenoemde terms en voorwaardes aanvaar en sal volg	
Kliënt:	*Datum:*